

Saterdag 8 Julie

Skrifgedeelte: Jakobus 1

Fokusgedeelte: Jakobus 1:19-27

Woede – hoe oorwin ek dit?

Oplossing

Hoe breek ek los uit die greep wat woede op my het? Dit help nie dat ek my net oor en oor daaraan herinner om nie meer woedend te word nie!

Ek moet begin by die wortel van die probleem, naamlik dat ek die leuen glo dat woede vir my sekuriteit gee. Woede bring geen langtermyn oplossing of sekuriteit nie. Die enigste ware en blywende sekuriteit vir 'n mens is die wete dat Jesus vir jou sonde betaal het. Deur in Hom te glo, mag jy verseker weet dat God jou Vader is. Hy het jou aanvaar soos jy is, maar wil nie hê dat jy sal bly soos jy is nie. Jy mag weet dat God se Gees in jou woon om jou te lei en dat Hy jou wysheid en krag sal gee om plofbare situasies te hanteer. Wanneer jy in 'n situasie beland wat jou gewoonlik in woede laat uitbars, kan jy net jou beste gee en God vertrou om die oplossing te bewerk. Wanneer jy bedreig voel deur die situasie of deur iemand, sal die wete van God se liefde en aanvaarding vir jou rustigheid bring. Omdat God jou liefhet, kan jy volkome veilig voel. Vanuit hierdie sekerheid kan jy ander begin dien.

So kry jy beheer oor jou lewe

Teenoor die onbeheertheid en hardheid van woede, stel die Here die liefde. God vra eerder van ons om ander wat magteloos is, te help (Jak. 1:27). Ek moet my nie verskans nie, nie net op my versorging konsentreer nie, maar my op ander toespits, sonder om iets terug te verwag. Ek moet bereid wees om ander (soos die weduwees en wese) te help wat my waarskynlik nie daarvoor kan vergoed nie.

- Ek moet bereid wees om die beheer van my lewe aan God oor te gee
- Ek staan voor God en luister wat Hy vir my sê – ek neem sy Woord met ootmoed aan (bereid om te luister en te doen). Die Woord vlek my oop soos 'n ontledmes sodat ek my eie sonde, swakheid en foute sal raaksien. Ek hoor God se raad sodat ek my foute kan regmaak.
- Daarna moet ek doen wat Hy sê. Ek mag nie maar net hoor, instem en dan tog gaan doen wat ek wil nie. God se wil beheer nou my lewe.
- Wanneer ek God se wil soek in 'n krisis, dra God die verantwoordelikheid vir sukses. Daar kom nou vrede in my hart, want ek doen wat God vra en ek wag op sy beskikking. Loop dinge skynbaar verkeerd, mag ek sonder woede of vrees nuwe planne maak. Ek sal biddend vra: “Here, wat nou?”
- My doelwit in die lewe verander. Dit is nie in die eerste plek dat ek 'n sukses moet wees dat almal moet sien hoe bekwaam ek is nie, maar om in elke situasie te doen wat God vra en om dan rustig op sy seën te wag.

Prof. Gert Breed (Teologiese Skool)